40 MINUTE BYBEL STUDIES

’n 6-WEKE, GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE

MEER AS EEN MILJOEN IN DIE REEKS VERKOOP

Vind Hoop na ’n Egskeiding

# Vind Hoop na ’n Egskeiding



Kay Arthur

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

40minute BYBELSTUDIES

40minute
BYBELSTUDIES

# Vind Hoop Na 'n Egskeiding

Kay Arthur

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

Vind Hoop na 'n Egskeiding
*deur* Kay Arthur
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
Posbus 539, Howard Place, 7450, Suid-Afrika
Tel: +27 (0)21 531-1836
Website: www.precept.org.za
E-pos: info@precept.org.za
met toestemming van WaterBrook Press

A translation of the book
Finding Hope After Divorce
*by* Kay Arthur
published by WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921
*A division of Random House Inc.*

Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

ISBN 978-1-62119-486-6

Kopiereg © 2015 Precept Ministries Suid-Afrika

Buitebladontwerp deur K. Orr

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Strand
2015

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# INHOUD


**Inleiding:** Vind hoop na 'n egskeiding.................................... 1

**Week Een:** Waarheen kan ek my wend in my pyn?.............. 5

**Week Twee:** Waar vind ek die krag om hoopvol te volhard?.. 29

**Week Drie:** Hoe kan ek beheer oor my emosies neem? .........43

**Week Vier:** Waar vind ek toevlug van my vrese?................. 59

**Week Vyf:** Wat hou die toekoms vir my in? ....................... 77

**Week Ses:** Wat dink God van my? ........................................ 97

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel oor verskeie onderwerpe sê, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk, 'n vroegoggendmannegroep, 'n jongmoedergroep in 'n huis, 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het—soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe—en wat net 'n gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, koinonia of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in 'n Sondagskoolklas of 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep met die merk van woorde te lei.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde van die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die bsprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep in die bespreking te lei, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk hul persoonlike begrip van die weeklikse les grootliks. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat weens 'n afname in belangstelling uitsak.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om op die waarheid van die Skrif te fokus. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die geleentheid om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# VIND HOOP NA 'N EGSKEIDING

"Ek wil skei." Moontlik het jy dit al gehoor. Moontlik het jy dit self al gesê. In iedere geval spreek hierdie woorde van mislukking—en mislukking is swaar om te dra, moeilik om te verduidelik, moeilik om te aanvaar en baie moeilik om te verwerk.

Sommige mense sê hierdie woorde—"Ek wil skei"—is meer verpletterend as om van die dood van jou huweliksmaat te verneem. Die dood beëindig die huwelik; jy het geen toevlug en daar is geen ommekeer nie. Maar by egskeiding leef julle albei nog. En jy moet leer om dit te hanteer!

As die woorde van jou huweliksmaat gekom het, voel jy heel moontlik te na gekom, verwerp, verag en weggesmyt.

Jou kop word gebombardeer met vrae: *Wat gaan ek doen? Hoe gaan ek oorleef? Wie gaan vir my sorg? Wat*

*van die kinders? Aan wie se kant sal hulle wees? Wat sal die mense van my dink? Wat sal Gód van my dink?*

Wanneer jy aan die toekoms probeer dink, is al wat jy sien, net nog meer vrae:

*Is ek gedoem om vir ewig alleen te wees? Is ek 'n beskadigde voorwerp? Sal God my ooit weer in die bediening gebruik of gaan ek vir ewig in Christelike kringe met 'n skarlaken E gebrandmerk wees? Wat sal die kerkmense dink? Hoe gaan hulle my behandel?*

*Wat van ons gemeenskaplike vriende? Wie se vriende gaan hulle nou wees? Sal eensaamheid my lewe definieer?*

Ons kan bladsye en bladsye vul met vrae—sommige rasioneel en ander irrasioneel. Vrae wat jou laat wakker lê, wat weier om te verdwyn en jou laat wonder of jy die volgende môre hoegenaamd weer sal kan opstaan om jou lewe te leef.

Hoe kan jy dan hierdeur kom? Daarmee saamleef?

Eerstens, die belangrikste feit van almal: Jy moet weet dat, as jy 'n kind van God is, jy, of jy dit glo of nie, 'n geliefde van God is. Hy sê dit herhaaldelik in sy boek, die Bybel.

As jy egter nog nie sy kind is nie, dan is die rede waarom jy hierdie boek in jou hande hou, dat God sy liefde oor jou wil uitstort. Hy wil jou geliefde noem, al voel jy ook dat daar niks omtrent jou is om lief te hê nie.

Tweedens moet jy weet dat egskeiding nooit vir

God 'n verrassing is nie. Omdat God God is, omdat Hy alwys—alwetend—is, het Hy geweet dat jou egskeiding aan die kom is. Hy hou nie van egskeiding nie, omdat dit soveel pyn en verwoesting in ons lewens saai, maar God weet, dat, as gevolg van die hardheid van ons harte, sommige mense wel die pad van egskeiding sal kies.

By God is dit egter nie die einde nie. God beskryf Homself in die Bybel as die goddelike Pottebakker, die een wat in staat is om jou lewe in 'n pragtige voorwerp te omskep. Hy sal jou, soos klei op sy pottebakkerswiel terugplaas, jou opnuut met die water van sy Woord deurdrenk en jou tot 'n man of vrou van lofprysing, roem en heerlikheid herskep, as jy jouself gewillig in sy hand oorlewer.

In Psalm 107:20 bied God aan om sy Woord te stuur om ons te genees en van vernietiging te red, ás ons sal luister na wat Hy sê, in Hom sal glo en vertrou, en aan Hom gehoorsaam sal wees. Hy is die Verlosser, die God van alle hoop.

Aangesien ek self die vernietigende gevolge van egskeiding en 'n immorele leefstyl beleef het, kan ek jou verseker dat jou lewe nie verby is nie. Beskadig wel, maar nie verwoes nie, mits jy God op sy Woord neem en aan Hom vasklou.

Die vraag is: Is jy gewillig om te probeer? Ek bid

dat dit wel die geval is.

Oor die loop van die volgende ses weke gaan ons baie leer uit God se Woord en by hulle in jou groep wat God op sy woord neem. God leer ons dat twee beter is as een (Prediker 4:9), en alhoewel jy jou huweliksmaat verloor het of besig is om te verloor, sal jy sekerlik ’n suster of ’n broer ontdek wat saam met jou die pad sal stap, as jy God se hand neem en op sy weg wandel.

Egskeiding maak seer. Selfs al was dit jou eie inisiatief, is die beëindiging van 'n huwelik doodgewoon pynlik. En jy wonder: *Sal ek ooit weer heel wees? Sal hierdie wonde ooit genees?*

Wanneer 'n huwelik deur egskeiding vernietig word, word jy nie skielik weer die mens wat jy was voordat jy getroud is nie. Die Bybel leer ons dat twee mense in 'n huwelik een vlees word (Matthéüs 19:6). Egskeiding verbreek daardie eenheid, en laat jou met rou, seer wonde. Net die gedagte aan jou verlies laat jou ineenkrimp van pyn. Gevolglik kan jy in die versoeking kom om jou gevoelens op die agtergond te skuif en te verbloem met iets of iemand—enigiemand!

Deur jou wonde weg te steek, sal daar vir jou geen genesing kom nie, en as dit nie behoorlik behandel word nie, sal dit ontsteek. So kry infeksie uiteindelik die oorhand.

Dit is die rede, geliefde van God, waarom ons na die Woord van God moet gaan vir genesing. En dit is wat ons vandeesweek, ons eerste week, gaan doen. Ons sal vorme van rou emosie bestudeer en leer hoe dit hanteer behoort te word. Ons sal hoop vind vir die res van hierdie dag—en vir al jou môres.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Jeremia 17:4 en Psalm 107:19-21 hardop en stadig. Laat die groep elke sleutelwoord of –frase saam sê en merk soos aangedui:*

- *Onderstreep elke voornaamwoord wat na die persoon of* ***die mense*** *verwys, insluitende* ***ek***, ***my*** *en* ***hulle/hul.***

**JEREMIA 17:14**

Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof.

**Psalm 107:19–21**

19 Toe het hulle die
Here aangeroep in
hul benoudheid; uit
hul angste het Hy
hulle verlos.

20 Hy het sy woord
uitgestuur, dat Hy
hulle kon gesond
maak en hulle uit hul
kuile red.

21 Laat hulle die
Here loof om sy
goedertierenheid en
om sy wonderdade aan
die mensekinders . . .

- *Merk elke verwysing na die* ***Here****, insluitende die voornaamwoorde soos* ***U****,* ***Hy*** *en* ***sy****:*

*Terwyl jy die teks lees, is dit nuttig om die groep die sleutelwoorde hardop te laat sê terwyl hulle dit merk. Dit sal verseker dat elkeen seker sal wees dat hulle die woord, asook sinonieme woorde of frases, merk elke keer dat dit voorkom. Doen dit regdeur die studie.*

## BESPREKING

- Wat het jy uit die merk van *ek* en *my* in Jeremia 17:14 geleer?

- Wat het jy omtrent *die volk*—die *hulle* in Psalm 107—geleer?

- Wat het jy uit die merk van die verwysings na die Here in albei gedeeltes geleer?

- Van wie kom verlossing, volgens Psalm 107?

- Leer jy enigiets hieruit? Indien wel, wat is dit?

- Wat is die oorsprong van jou pyn? Voel jy skuldig as gevolg van 'n mislukte huwelik? Of kan jy nie die nydige woorde, die beskuldigings, vergeet nie? Waarvan wil jy die graagste genees, gered of bevry word?

***Leier:*** *Vra of iemand dapper genoeg sal wees om die ys te breek deur die antwoord op die vorige vraag met die ander te deel. Gee hulle 'n paar oomblikke tyd. As niemand iets wil deel nie, is dit in die haak, aangesien hulle dalk nog nie vrymoedig voel teenoor mekaar nie.*

***Leier:*** *Laat die groep Jeremia 17:14 hardop lees as 'n versoek aan die Here.*

## Psalm 88:2–10, 19

2 Here, God van my heil, bedags roep ek, in die nag is dit voor U.

3 Laat my gebed voor u aangesig kom, neig u oor tot my smeking.

4 Want my siel is sat van teëspoede, en my lewe raak aan die doderyk.

5 Ek word gereken by die wat in die kuil neerdaal; ek het geword soos 'n man sonder krag,

6 vrygelaat onder die dooies, soos die wat verslaan is, wat in die graf lê, aan wie U nie meer dink nie, en wat afgesny is van u hand.

7 U het my gesit in die kuil diep daaronder, in duisternisse, in dieptes.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Psalm 88:2-10, 19 baie stadig sodat God se woorde kan insink. Laat die groep*

- *elke verwysing na die **Here**, insluitende voornaamwoorde, met 'n driehoek merk.*
- *elke **ek** en **my** onderstreep.*

### INSIG

*Doderyk (Sheol)* is basies 'n verwysing na die graf, die dood.

*Sela* is 'n woord wat in sommige Psalms gebruik word en waarskynlik 'n pouse, crescendo of musikale tussenspel aandui. Wanneer jy dit in 'n Psalm teëkom, moet jy dit beskou as teken dat jy eers moet wag en oordink wat jy so pas gelees het.

.

***Leier:*** *Lees weer stadig deur die verse.*

- *Laat die groep hierdie keer so 'n regmerkie ✓ plaas oor enige woorde of frases waarmee hulle kan identifiseer, wat beskryf hoe hulle voel.*

## BESPREKING

- Op watter maniere, indien enige, kan jy jou vereenselwig met die ervaring van die persoon wat in hierdie verse aan die woord is?

- Met wie praat die psalmis, en waarom?

- Wat leer dit jou oor wat die psalmis omtrent God glo?

- Skok dit jou? Laat dit vrae by jou ontstaan? Indien wel, wat is die vrae?

8 U grimmigheid rus op my, en U druk my neer met al u golwe. Sela.

9 U het my bekendes ver van my verwyder, my iets afskuweliks gemaak vir hulle; ek is ingesluit en kan nie uitkom nie.

10 My oog vergaan van ellende. HERE, ek roep U aan die hele dag deur, ek brei my hande na U uit.

19 U het vriend en metgesel ver van my verwyder; my bekendes is duisternis.

**INSIG**

Wanneer jy die Ou Testament bestudeer, kry jy te doen met Skrifgedeelte na Skrifgedeelte wat van die soewereiniteit van God getuig, dat Hy die opperheerskappy oor alles voer. In Deuteronómium 32:39 sê God: "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie."

God se naam wat van sy soewereiniteit getuig is *El Elyon*, wat "die allerhoogste God" beteken. Hierdie naam verskyn dikwels in die boek Daniël. Nebukadnésar, die koning van Babilon het, nadat God hom grootliks verneder het, verklaar: ". . . my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is . . . na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie? (Daniël 4:34-35)

Jesaja het, onder leiding van God, meer as 'n honderd jaar voor die geboorte van Kores, die koning van die Medo-Persiese ryk, 'n profesie neergeskryf. In dié profesie spreek hy die toekomstige koning op sy naam aan en bevestig daardeur weereens God se soewereiniteit: "So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores . . . Ek is die HERE en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten

**INSIG (vervolg)**

My geeneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek die HERE is dit wat al hierdie dinge doen" (Jesaja 45:1, 5-7).

Wanneer jy verstaan dat God soewerein is, sal jy besef dat jy nie in die hande van die noodlot, 'n ander mens, die duiwel of moeder natuur is nie. Nee, dit is God die Vader wat jou in sy liefdevolle hande hou en sodra jy Hom leer ken en dienooreenkomstig leef, sal jy 'n vrede ervaar wat jou deur enige en alle omstandighede van die lewe—selfs egskeiding—sal dra.

**Psalm 6:2-11**

2 o Here, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie.

3 Wees my genadig, Here, want ek is verswak; maak my gesond, Here, want my gebeente is verskrik.

4 Ja, my siel is baie verskrik; en U, Here, tot hoe lank?

5 Keer terug, Here, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil.

6 Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?

7 Ek is moeg van my gesug; elke nag laat

## WAARNEMING

Dawid het gedurende sy leeftyd baie verduur. In die tyd voor en na hy koning van Israel geword het, is sy lewe gekenmerk deur beproewings, mislukkings, sowel as oorwinnings—ook in die huwelik As jy Dawid se lewe bestudeer, sal jy agterkom dat hy in God se soewereiniteit geglo en dit volkome aanvaar het. Selfs wanneer sy vyande hom baie pyn besorg het, het Dawid geweet dat God steeds die alleenheerskappy voer. Ons gaan vervolgens 'n psalm bestudeer waarin Dawid die Here om genesing bid.

***Leier:*** *Lees Psalm 6:2-11 baie stadig deur. Terwyl jy dit doen, moet die groep*

- *'n driehoek oor elke verwysing na die **Here** trek.*
- *elke verwysing na **Dawid**—elke **ek** en **my**—onderstreep.*
- *'n regmerkie plaas by elke v**ers waarmee jy kan identifiseer of wat jy wil hê die Here vir jou moet doen**.*

## BESPREKING

- In watter toestand was Dawid, soos beskryf word in vers 2-8?

- Wat het Dawid God gevra om te doen?

- In hoe ’n mate kan jy met Dawid se posisie en versoeke aan God identifiseer?

- Watter klemverskuiwing vind in vers 9 plaas? Beskryf Dawid se perspektief, soos opgeteken in vers 10-11. Wat leer jy daaruit?

- Indien ons hierdie psalm met die gebruik om ’n joernaal te hou, vergelyk, hoe het dié dag se joernaal begin en hoe het dit geëindig?

- Baie psalms volg dieselfde patroon. Noem sommige van die voordele wat na vore kom wanneer jy jou hart op papier voor God uitstort.

ek my bed swem; ek
deurweek my bed met
my trane.

8 My oog het dof
geword van verdriet;
dit het swak geword
vanweë al my teëstan-
ders.

9 Gaan weg van my,
al julle werkers van
ongeregtigheid, want
die HERE het die
stem van my geween
gehoor.

10 Die HERE het my
smeking gehoor; die
HERE neem my gebed
aan.

11 Al my vyande sal
beskaamd staan en
baie verskrik word;
hulle sal in ’n oomblik
beskaamd omdraai.

.

**JOB 1:1–3, 13–22**

1 Daar was 'n man in die land Us wie se naam was Job; en dié man was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad.

2 En vir hom is daar sewe seuns en drie dogters gebore.

3 Daarby was sy besitting sewe duisend stuks kleinvee en drie duisend kamele en vyf honderd paar beeste en vyf honderd eselinne en 'n groot menigte slawe, sodat dié man ryker was as al die kinders van die Ooste.

13 En op 'n dag, terwyl sy seuns en sy dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hul oudste

## WAARNEMING

Die boek Job vertel die gedetailleerde verhaal van 'n man wat emosioneel, fisies en verstandelik verskriklike pyn verduur het—in so 'n mate dat Job op een stadium gewens het dat hy nooit gebore was nie.

Miskien voel jy ook so. Wat kan ons van Job leer wat jou hoop op 'n beter toekoms kan gee, ten spyte van jou huidige swaarkry?

***Leier:*** *Lees Job 1:1-3, 13-22 hardop.*

- *Laat die groep elke verwysing na **Job**—elke **man**, **hom**, **sy** en **u** onderstreep.*

**BESPREKING**

- Som alles op wat hierdie enkele dag met Job gebeur het.

broer,

14 kom ’n bood-
skapper na Job en sê:
Terwyl die beeste aan
ploeë was en die esels
aan wei langs hulle,

15 het die Sabeërs ’n
inval gedoen en dit
weggeroof, en hulle het
die dienaars met die
skerpte van die swaard
verslaan; en net ek
alleen het ontvlug om
u dit te vertel.

16 Terwyl dié een nog
spreek, kom daar ’n
ander een en sê: Die
vuur van God het
van die hemel geval
en gebrand onder die
kleinvee en onder die
dienaars, en dit het
hulle verteer; en net ek
alleen het ontvlug om
u dit te vertel.

17 Terwyl dié een nog
spreek, kom daar ’n

ander een en sê: Die
Chaldeërs het drie
leërafdelings opgestel
en ’n aanval op die
kamele gemaak en dit
weggeroof, maar hulle
het die dienaars met
die skerpte van die
swaard verslaan; en net
ek alleen het ontvlug
om u dit te vertel.

18 Terwyl dié een
nog spreek, kom daar
’n ander een en sê: U
seuns en u dogters was
besig om te eet en wyn
te drink in die huis van
hulle oudste broer,

19 toe daar meteens
’n groot wind oor die
woestyn kom wat die
huis aan die vier hoeke
gryp; en dit het op die
jongmense geval, sodat
hulle gesterf het; en net
ek alleen het ontvlug
om u dit te vertel.

- Hoe het Job daarop gereageer?

• Wat leer dit jou oor Job se geloof en sy verhouding tot God?

## WAARNEMING

Dit was egter nie die einde van Job se probleme nie.

***Leier:*** *Lees Job 2:1—3:1 hardop. Laat die groep die volgende doen:*

- *Merk elke verwysing na Satan met 'n hooivurk, só:* 
- *Onderstreep elke verwysing na Job, ook die voornaamwoorde.*
- *Omkring die verwysings na Job se vrou.*
- *Trek 'n kronkellyn onder elke verwysing na Job se vriende, só:* 

20 Toe staan Job op en
skeur sy mantel, en hy
het sy hoof geskeer en
in aanbidding op die
grond geval

21 en gesê: Naak het
ek uit my moeder se
skoot gekom, en naak
sal ek daarheen terug-
keer. Die HERE het
gegee, en die HERE het
geneem: die Naam van
die HERE sy geloofd!

22 By dit alles het Job
nie gesondig en aan
God niks ongerymds
toegeskrywe nie . . .

### JOB 2:1—3:1

1 En op 'n dag toe
die seuns van God
kom om hulle voor die
HERE te stel, het die
Satan ook onder hulle
gekom om hom voor
die HERE te stel.

2 Toe vra die HERE

vir die Satan: Waar
kom jy vandaan? En
die Satan antwoord die
HERE en sê: Van ’n
swerftog oor die aarde,
wat ek deurkruis het.
3 En die HERE vra vir
die Satan: Het jy ag
gegee op my kneg Job?
Want daar is niemand
op die aarde soos hy
nie: ’n man vroom
en opreg, godvresend
en wat afwyk van die
kwaad; en hy volhard
nog in sy vroomheid,
alhoewel jy My teen
hom opgehits het
om hom te vernietig
sonder oorsaak.
4 Toe het die Satan
die HERE geantwoord
en gesê: Huid vir huid,
en alles wat iemand
het, sal hy gee vir sy
lewe;

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur die verwysings na *Satan* te merk?

- Is daar ’n beperking op Satan se krag? Hoe weet jy dit?

- Wat het met Job se liggaam gebeur?

- Was Job se vrou vir hom tot troos? Wat het sy voorgestel?

5 maar strek net u
hand uit en tas sy
gebeente en sy vlees
aan—waarlik, hy sal U
in u aangesig seën!

6 En die HERE sê aan
die Satan: Kyk, hy is
in jou hand; spaar net
sy lewe.

7 En die Satan het
weggegaan van die
aangesig van die
HERE, en hy het Job
met bose swere getref,
van sy voetsool tot sy
skedel.

8 En hy het vir hom
'n potskerf geneem om
hom daarmee te krap,
terwyl hy in die as sit.

9 Toe sê sy vrou vir
hom: Volhard jy nog
in jou vroomheid?
Seën God, en sterf!

10 Maar hy antwoord

haar: Soos ’n dwaas
praat, praat jy! Die
goeie sou ons van God
aanneem, en nie ook
die slegte aanneem
nie? By dit alles het
Job nie gesondig met
sy lippe nie.
11 En toe die drie
vriende van Job
hoor van al hierdie
onheile wat hom
getref het, het hulle
gekom, elkeen uit sy
woonplek: Élifas, die
Temaniet, en Bil-
dad, die Suhiet, en
Sofar, die Naämatiet;
en hulle het volgens
afspraak byeengekom
om hom hul deelne-
ming te betuig en hom
te troos.
12 En toe hulle op ’n
afstand hul oë opslaan
en hom nie herken
nie, het hulle hul stem

- Hoe het Job se vriende gereageer toe hulle hom die eerste keer sien? Wat kan ons hieruit aflei omtrent Job se toestand?

- Wat het jy uit Job 3:1 geleer? Hoe het Job oor die lewe gevoel?

• Tot watter mate kan jy hiermee identifiseer?

## WAARNEMING

Het jy al ooit so neerslagtig gevoel dat jy liewer wou sterf?

***Leier:*** *Lees Job 6:8–10 hardop.*

- *Laat die groep elke voornaamwoord wat na* ***Job*** *verwys, onderstreep. Job is hier aan die woord.*

verhef en geween; ook
het hulle elkeen sy
mantel geskeur en stof
op hul hoofde gestrooi
na die hemel toe.

13 En hulle het by
hom op die grond
gaan sit, sewe dae
en sewe nagte lank,
sonder dat iemand
'n woord met hom
gepraat het; want hulle
het gesien dat die
smart baie groot was.

3:1 Daarna het Job sy
mond oopgemaak en
sy dag vervloek.

### Job 6:8–10

8 Ag, mag my bede
maar uitkom, en mag
God my verwagting
maar gee!

9 En mag dit God
behaag om my te ver-
pletter, sy hand uit te

strek en my af te sny!

10 Dan sou ek nog
troos hê; ja, ek sou van
vreugde opspring in
onbarmhartige smart;
want die woorde van
die Heilige het ek nie
verloën nie.

## Job 19:23–27

23 Ag, mag my
woorde tog maar
opgeskrywe, mag
hulle maar in ’n boek
opgeteken word—

24 met ’n ystergriffel
en lood—vir altyd in
’n rots ingekap!

25 Maar ek, ek weet:
My Verlosser leef; en
Hy sal as laaste oor die
stof opstaan.

26 En nadat hulle so
my vel afgeskeur het,
sal ek nogtans uit my

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur die voornaamwoorde wat na Job verwys, te merk? Wat wou hy hê moes God doen?

- Waaraan het Job hom getroos?

- Wat leer dit jou omtrent Job?

## WAARNEMING

Job se pyn was alles-oorheersend, maar hy het geweier om sy eie lewe te neem. Waarom?

***Leier:*** *Lees Job 19:23–27 hardop. Laat die groep*

- *elke voornaamwoord wat na **Job** verwys, elke **ek** en **my**, onderstreep.*
- *elke verwysing na die **Verlosser**, insluitende die voornaamwoorde **Hy** en **sy**, met ’n kruis merk:* †

## BESPREKING

- Wat het jy uit die merk van die verwysings na Job geleer?

- Wat het jy geleer deur verwysings na sy Verlosser te merk?

- Was daar hoop vir Job? In wie of wat sou daardie hoop realiseer, indien dit wel bestaan het?

- Is daar hoop vir jou? Indien dit so is, wie of wat is jou bron van hoop?

## WAARNEMING

Ons wil altyd weet hoe ’n storie eindig, nie waar nie? Die uiteindelike uitkoms maak ’n baie groot verskil. Na jou egskeiding het jy sekerlik gewonder wat van jou of jou gesin sal word. As jy hoopvol is, as jy weet dat daar ’n toekoms op jou wag, is dit makliker om deur te druk.
Hoe het Job se verhaal geëindig? Waarom

vlees God aanskou;

27 Hom wat ék sal
aanskou my ten goede,
en my oë—en geen
vreemde nie—sal sien,
My niere versmag van
verlange in my bin-
neste.

### Job 42 (Uitgesoekte Verse)

1 Toe het Job die
Here geantwoord en
gesê:

2 Ek weet dat U alles
kan doen en geen plan
vir U onuitvoerbaar is
nie.

6 Daarom herroep ek

en het berou in stof
en as.

10 En die HERE
het die lot van Job
verander toe hy vir sy
vriende gebid het; en
die HERE het Job se
besittings vermeerder
tot dubbel soveel as
voorheen.

11 Ook het al sy broers
en al sy susters en al sy
bekendes van vroeër
na hom gekom en met
hom saam brood geëet
in sy huis; en hulle het
met hom medelyde
gehad en hom vertroos
oor al die onheil wat
die HERE oor hom
gebring het. En hulle
het hom elkeen 'n
geldstuk gegee en
elkeen 'n goue ring.

12 En die HERE het
die einde van Job meer

het God dit in sy boek, die Bybel, laat opteken? Watter lesse vind jy daarin?

***Leier:*** *: Lees die uitgesoekte verse uit Job 42 hardop en laat die groep*

- *elke verwysing na* ***Job****, insluitende voornaamwoorde, onderstreep.*
- *'n driehoek trek oor elke verwysing na die* ***Here****, insluitende voornaamwoorde.*
- *'n wolkie trek om die woord* ***plan****, só:*



## BESPREKING

- Wat het Job oor God geleer en waartoe het hierdie kennis aanleiding gegee?
- Wat het die Here, volgens vers 10, namens Job gedoen? Wanneer het God dit gedoen? Anders gestel: Wat het sy (God se) optrede voorafgegaan?
- Het jy vir jou vorige huweliksmaat gebid? (Indien nie, lees sonder versuim Job 42:7-10.)
- Raadpleeg al die plekke waar jy verwysings na die Here gemerk het. Wat het God vir Job gedoen?

- Hoe vergelyk die einde van Job se verhaal met die begin daarvan? Wie of wat was verantwoordelik vir hierdie uitkoms?

- Wat, indien enigiets, het jy in hierdie ware verhaal waargeneem wat vir jou kan hoop gee na jou egskeiding?

## WAARNEMING

Dink jy: Dit was Job se einde; maar wat van my? Kom ons lees wat die Bybel deur die apostel Paulus in Romeine 8 vir jou wil sê.

***Leier:*** *Lees Romeine 8:28-31 hardop. Laat die groep hardop saam sê en*

- *elke verwysing na **hulle wat God liefhet**, insluitende elke **hulle**, **die** en **ons** onderstreep.*
- *die frase **hulle wat na sy voorneme geroep is** met 'n wolkie merk.*

geseën as sy begin; en hy het veertien duisend stuks kleinvee en ses duisend kamele en duisend paar beeste en duisend eselinne gehad.

16 En Job het daarna honderd en veertig jaar lank gelewe; en hy het sy kinders en kindskinders gesien, vier geslagte.

17 En Job het gesterwe, oud en afgeleef.

### ROMEINE 8:28–31

28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees

aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?

**INSIG**

Die term *geroep* in Romeine 8: 28, 30 is sinoniem met *gered wees of ’n volgeling van Christus* wees. Die wat God geroep het, het Hy ook geregverdig—regverdig verklaar—en verheerlik. Hulle sal vir ewig in hul onsterflike liggame saam met Hom woon.

**BESPREKING**

- Wat het jy geleer deur die verwysings na *hulle wat God liefhet* te merk?

- Wat het jy uit die merk van *voorneme (of plan)* geleer, sowel hier in Romeine as uit die vorige gedeelte, Job 42:2?

- Het Paulus gesê *alle* dinge werk ten goede mee? Wat presies behels die belofte in Romeine 8:28?

- Sou hierdie belofte ook ons verkeerde keuses en die gevolge daarvan insluit? Wat word met alles bedoel?

- Wie kan aanspraak maak op die belofte in Romeine 8:28? Het dit op almal betrekking of is daar voorwaardes? Indien wel, noem die voorwaardes.

- Sonde het gevolge, maar hoe kan God die gevolge gebruik om ons "gelykvormig aan die beeld van sy Seun" te maak?

- Veronderstel jy het 'n fout begaan en geskei terwyl jy geweet het jy behoort dit nie te doen nie? Is die belofte steeds op jou van toepassing?

- Hoe kan jou egskeiding gebruik word om jou gelykvormig aan die beeld van Jesus te maak?

- Bied Romeine 8:28 aan jou 'n verskoning vir sonde? Waarom, of waarom nie?

- Hoe verander dit jou sienswyse as jy daaraan dink dat God in sy soewereiniteit 'n rede (doel) mag hê waarom Hy iets so sleg soos 'n egskeiding toelaat?

- Hoe kan dit jou hoop gee?

## SAMEVATTING

Kennis van sy Verlosser is die één ding wat Job in sy pyn aan die lewe gehou het. Job se Verlosser het geleef, en Job het geweet dat hy Hom eendag van aangesig tot aangesig sou sien, beklee met sy splinternuwe opgestane liggaam.Verheerliking was aan die kom. Dit is waarom Job God kon verheerlik midde van sy alles-oorheersende pyn, waarom hy hom voorgeneem het om nie die woorde van sy God te verloën nie (Job 6:10).

Op grond van Job se vasberadenheid het hy God, en homself, selfs beter leer ken. En God het die einde van Job meer geseën as die begin.

Wat van jou, geliefde van God? Hoe gaan jy jou pyn hanteer? Hoe gaan jy jou egskeiding te bowe kom? Sal jy God glo? Sal jy vashou aan sy belofte dat hierdie gebeure vir jou ten goede en tot sy verheerliking sal meewerk, terwyl jy meer en meer aan die beeld van sy Seun, die Here Jesus Christus, gelykvormig word?

As jy ’n kind van God is, is hierdie belofte vir jou. As jy nie sy kind is nie, wil Hy graag hê dat jy een sal wees. Dit is waarom Hy sy eniggebore Seun, gebore uit ’n maagd, gebore sonder sonde, na hierdie wêreld gestuur het om deur sy dood aan die kruis ten volle vir jou sondes te betaal en jou daardeur van sonde en die dood te verlos en aan jou vergifnis van sonde en die ewige lewe te skenk. Dink daaroor na. Praat met God daaroor—en moenie aanstaande week se studie misloop nie.


Intussen nooi ek jou om ons webtuiste te besoek. Ons het daar ’n bladsy spesiaal vir hierdie studie opgestel: http://precept.org/divorce.


40 MINUTE BYBEL STUDIES





















# Geen-tuiswerk Bybelstudies


Help Jou om die Waarheid self te ontdek
























## OMTRENT KAY ARTHUR EN PRECEPT MINISTRIES INTERNATIONAL

Kay Arthur is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme *Precepts for Life*, wat 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen het. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer verower en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na ongeveer 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense hoe om waarheid self te ontdek.

Skakel Precept Ministries Suid-Afrika vir meer inligting oor induktiewe Bybelstudies in jou omgewing.

Precept Ministries South-Africa
Posbus 539
Howard Place, 7450
Tel.: +27 (0)21 531 1836
www.precept.org.za